# Les 18 DIE HERE IS IN ONS PLEK BEGRAWE

## 1. Jesus is begrawe

Die Here Jesus se begrafnis is ook iets wat Hy vir ons doen om ons te verlos. Paulus preek die evangelie op sy eerste sendingreis na mense in die gebied wat ons vandag ken as die land Turkye, en dan sê Hy vir hulle:

[26]*"Broers, nakomelinge van Abraham, en julle, godvresendes, aan ons het God hierdie boodskap van die verlossing gestuur.* [27]*Die inwoners van Jerusalem en hulle leiers het vir Jesus nie erken nie. Deur Hom te veroordeel het hulle die uitsprake van die profete, wat elke Sabbatdag voorgelees word, in vervulling laat gaan.* [28]*En alhoewel hulle geen grond vir die doodstraf kon kry nie, het hulle tog vir Pilatus gevra om Jesus om die lewe te bring.* [29]*Nadat hulle aan Jesus alles gedoen het wat van Hom in die Skrif geskrywe staan, is Hy van die kruis afgehaal en begrawe."(*Hand. 13)

Jesus is van die kruis afgehaal en begrawe.

## 2. 'n Begrafnis wys alles is verby

Om dood te gaan en om begrawe te word, is nie dieselfde nie. Mense gaan dood wanneer hulle ophou om te leef. 'n Begrafnis is iets wat eers daarná gebeur. By 'n begrafnis gaan dit nog net om die lyk van iemand wat klaar dood is. Dit gaan nie meer om die mens wat leef nie.

By 'n begrafnis gebeur daar iets wat vir mense baie belangrik is, maak nie saak of dit 'n begrafnis is waar mense in die grond begrawe word, en of dit 'n begrafnis is waar mense veras word nie.

Wanneer iemand doodgaan, voel almal dit het nie regtig gebeur nie. Almal is só geskok en hartseer, dat die dood onwerklik voel. Baie mense sal vir jou kan vertel dat toe iemand wat hulle liefgehad het, doodgegaan het, was dit vir hulle asof hy sommer enige oomblik weer lewendig kan wees.

By 'n begrafnis verander dit heeltemal. Hier sien en voel almal, dit is régtig alles verby. Dit is wérklik so en niemand kan weer voel of dink die persoon wat dood is, kan weer met hulle saamleef en saampraat nie. 'n Begrafnis wys en laat almal weet – alles is verby, régtig verby.

## 3. By wie se begrafnis wil jy graag wees?

Om te weet hoekom Jesus vir ons begrawe is, moet ons na 'n baie snaakse vraag kyk: by wie se begrafnis sal jy graag wil wees? Met ander woorde, by wie se graf sal jy graag wil gaan staan en dan voel dat dit vir jou baie goed sal wees om te sien: nou begrawe hulle hierdie mens. Ek wil graag hê hy moet dood wees, en ek wil só seker wees dat hy dood is, dat ek wil sien dat hy begrawe word.

Dit klink baie snaaks. Maar daar ís mense wat 'n mens graag begrawe wil hê. Hoekom maak 'n mens oorlog teen ander mense? Jy maak oorlog teen mense

omdat hulle jou vyande is. Wat wil jy met jou vyande in ’n oorlog doen? Jy wil graag jou vyande doodmaak. Want as jou vyande dood is, dan kan hulle jou nie meer doodmaak, aanval of al jou goed stukkend breek nie. Daarom is dit goed om te sien as jou vyande begrawe word. Dan weet jy alles is verby. Ek het nie meer ’n vyand nie, want my vyand is dood en begrawe.

**4. Sondaars is God se vyande**

Mense wat verkeerd wil doen, baklei altyd met God en ander mense: *“[7]Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie.”* Romeine 8

Mense wat verkeerd doen, wil God dwing om stil te bly en hulle nie te pla nie. Dit is hoe pa’s wat altyd te veel wil drink en dronk wil wees, met hulle vrou en kinders baklei. Hoekom dink julle baklei sulke pa’s altyd sommer oor enige rede met sy kinders en vrou? Dit maak kinders baiekeer baie deurmekaar, want sonder dat hulle iets verkeerds doen, skree en raas so ’n pa sommer met hulle. Want hy wil hê hulle moet hom nie pla as hy te veel drink en dronk word nie. Hulle mag nie vir hom geld vra nie, want hy wil die geld gebruik om drank te koop. Hulle mag nie vra hy moet hulle help nie, want dan kan hy nie dronk wees nie. Hulle mag nie vir hom vra om saam met hulle te gaan nie, want dan kan hy nie te veel drink nie. Daarom baklei en raas hy. Sodat hulle altyd net stil en vriendelik sal wees sodat hy kan drink soos hy wil.

So ’n pa is sy kinders en vrou se vyand, sodat hulle moet stilbly en vriendelik bly terwyl hy drink soos hy wil.

Mense maak ook met die Here so. Hulle wil verkeerd leef en sonde doen, en die Here moet net stil en vriendelik bly. Dit is hoe hulle die Here se vyande is. Die Here mag nie vir hulle iets sê nie. Die Here mag niks vir hulle wys nie. Hy moet net altyd stilbly sodat hulle kan doen wat hulle wil, sonder dat die Here hulle pla.

**5. God begrawe Sy vyande**

Wat doen God met mense wat Sy vyande is en Hom wil stilmaak sodat hulle kan sonde doen sonder dat Hy hulle pla? Kyk wat sê die predikant Esegiël:

*“[3]Sê vir die land Israel: So sê die Here: Ek is jou vyand, Ek gaan my swaard uit sy skede trek en dié wat reg doen sowel as dié wat verkeerd doen, uit jou uitroei. [4]En omdat Ek dié wat reg doen sowel as dié wat verkeerd doen, uit jou wil uitroei, daarom word my swaard getrek teen al wat leef, van die suide af tot in die noorde. [5]Al wat leef, sal weet dat Ek, die Here, my swaard getrek het, en dit sal nie teruggaan skede toe nie. [6]“En jy, mens, moet kreun. Jy moet voor hulle oë ’n ineenstorting kry en bitterlik kreun. [7]En as hulle vir jou vra hoekom jy kreun, moet jy sê: Oor die tyding wat kom; elke hart sal verstyf van angs, al die hande sal slap hang, almal sal moed verloor, water sal teen al die knieë afloop; dit kom, dit sal gebeur,” sê die Here my God.”* (Hoofstuk 21)

Die Here vernietig Sy vyande. Hy begrawe hulle sodat hulle Hom nie meer met hulle vyandskap pla nie. Dit is die Here wat Sy vyande vir altyd stilmaak sodat hulle nie meer teen Hom kan baklei nie. Dit is nie mense wat God kan stilmaak sodat hulle kan doen wat hulle wil nie.

**6. Jesus begrawe God se vyandskap teen ons**

Dit is wat met Jesus se begrafnis gebeur: God moes óns eintlik as Sy vyande begrawe het, sodat ons Hom nooit weer kan probeer stilmaak en net vriendelik laat kyk hoe ons sonde doen nie. Maar met wie doen God dit? Wie begrawe Hy met al die vyandskap wat God teen sondaars het?

Hy doen dit met Christus. Dít is wat Jesus se begrafnis beteken. Alles is vir altyd verby. God sal nooit weer vir Sy kinders ’n vyand wees wat hulle wil vernietig en uit die weg kry nie.

Kyk hoe wys Paulus dit: *“[3]Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? [4]Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so ’n nuwe lewe kan lei.”* Rom.6

Die verlossing van die Here werk só: die Here draai alles om, Syne is myne en myne is Syne. Die vyandskap wat God teen ons het, God se wil om met ons te baklei om te wys ons sal Hom nie stilmaak en net vriendelik laat kyk hoe ons sonde doen nie, is nou Jesus se vyandskap. Jesus deel in my vyandskap teen die Here. Daarom word Hy begrawe, en al die vyandskap wat God teen mý het, word saam met die Here Jesus in Sy graf begrawe.

Daarom kan die Here nooit weer ons vyand wees nie. Die Here sal nooit weer met ons baklei en ons uit die pad kry sodat ons Hom nie meer met ons sondes kan pla nie.

**7. Jou doop wys God is jou vriend**

Kyk wat sê die Here vir Sy dissipels in Johannes 15: *“[15]Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie, want ’n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het.”* Die Here noem ons Sy vriende. Ons is die Here se vriende omdat die Here al die vyandskap wat God teen ons het, saam met Jesus in Sy graf begrawe het.

Dit is wat jou doop vir jou wys.

Jy is ingedoop in die Here. Jy deel alles wat met die Here gebeur het. En die Here deel al jou sonde met jou. Die Here is deur God tot in die graf in, met al die

vyandskap behandel wat God Sy vyande mee behandel, sodat God jou met al die vriendelikheid sal behandel waarmee God Sy eie Seun altyd behandel.

Daarom wys jou doop jou dat die Here jou nooit uit Sy pad sal probeer kry nie. Die Here sal nooit voel jy pla Hom met jou sondes en Hy wil jou net wegkry nie. Die Here is en bly altyd jou vriend wat saam met jou is en bly – al dink jy, voel jy en tree jy baiekeer só op asof God jou vyand is.

Die Here is vir jou begrawe sodat God altyd jou vriend bly. Hy kan nooit weer jou vyand wees nie. Jy is ingedoop in alles wat met die Here gebeur het.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

__________________________________Handtekening: ouer of voog